# KONFERENSIES i.p.v. HUISE

**Die Babel-verwarring omtrent die bou van huise duur nog steeds voort. Die vakmanne in die boubedryf kla dat daar weens die beheer geen materiaal is om mee te bou nie en op sommige plekke in die land heers daar werkloosheid in die boubedryf, soos by voorbeeld enige weke gelede nog uit Port Elizabeth berig is.**

Die plaaslike owerhede wat graag broei op hul voorreg om huise te bou, maar niks lewer nie, beskuldig die regering dat hulle graag wil bou maar dat daar geen arbeid verkrygbaar is nie, en dat daar ontsettende amptelike vertragings aan die gang is.

**'n Voorbeeld is aangehaal waar Durban in 1939 'n skema aan die regering voorgelê het en eers in 1944 toestemming verkry het om daarmee te begin!**

Intussen kondig die regering by monde van min. C. F. Clarkson aan dat die moeilikheid met behuising nie die tekort aan materiaal is nie, maar wel arbeid. Hy sê dat daar met uitsondering van Port Elizabeth „feitlik geen werkloosheid in die Unie is nie". Feitlik geen werkloosheid, en daarom doen die regering alles in sy vermoë om die arbeidskorps aan te vul — ja selfs met naturelle-arbeid soos onlangs gedreig is. En wat is hierdie „alles in sy vermoë" wat die regering doen om huise te lewer? Min. Clarkson gee die antwoord: **„Konferensies vind met daardie doel plaas".**

### AL DAAD

**Die demokratiese partypolitiek ken net een daad en dit is konfereer. Byna twee jaar lank het die Minister van Welsyn en Demobilisasie hom met hierdie soort arbeid besig gehou en van sy 30.000 huise wat hy aanvanklik in die vooruitsig gestel het, het uiteindelik nie eens 'n skamele 1200 iets van tereg gekom nie.**

Die groot vyande van die volk se behuising is:

- Partypolitieke praatjiesmakery.
- Partypolitieke wanbestuur waardeur noodsaaklike materiaal uitgevoer word na die oorlogsvriende van die heersende politici.
- Demokratiese versnippering van die landsbestuur wat verantwoordelikheid van die een op die ander skuif.

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

# Die Parlementêre Volksfront

## Dinge om te Onthou

Daar is sekere dinge i.v.m. die Parlementêre Volksfront wat onthou moet word, skryf prof. L. J. du Plessis:

- Die voorstel om saam te gesels oor die stigting van 'n gesamentlike parlementêre front het van die Ossewabrandwag uitgegaan tot die leiers van die verskillende politieke opposisie-groepe om hulle tegemoet te kom op hulle eie terrein.
- Hulle het almal geweier om daaroor met die leiding van die Ossewabrandwag te gesels, party omdat die voorstel te anti-demokraties is, ander omdat dit nie honderd persent nasionaal-sosialisties is nie en nog ander omdat ander reeds geweier het.
- **Die prinsipiële besware van die kant van die politieke opposisie-leiers was dus tweërlei, nl. aan die een kant dat die Ossewabrandwag se rigting nie parlementêr-demokraties is nie en aan die ander kant dat dit nie totalitêr-nasionaal-sosialisties is nie. Altwee is waar en moet vir die toekoms onthou word.**
- Die Ossewabrandwag gaan egter voort met sy frontstigting en sal hom volgens besluit nou rig tot die volgelinge en die leierlose verstrooides.
- Maar nou sal daarby die parlement en eleksies en partye nog meer as tevore op die agtergrond raak en alle nadruk sal val op **volksvereniging vir nasionale en ekonomiese en sosiale konsolidasie en rehabilitasie, m.a.w. op die oprigting van die volksfront vir sosiale geregtigheid teen kapitalism en kommunisme beide.**
- Die leiding van die Ossewabrandwag sal verder geheel selfstandig hierby optree, maar hulp en samewerking van alle kante verwelkom **sonder die eis van lidmaatskap in sy eie organisasie.**
- Die besonderhede van verdere optrede sal deur die bevoegde outoriteite bepaal word en van tyd tot tyd bekend gestel word, en ondertussen sal die hoofpunte van die Osswabrandwag se sosiaal-ekonomiese volkspolitiek in „Die O.B." kortliks verduidelik word.

# PARTYWESE DIE GROOT VYAND

## — Genl. J. A. Smith

**„Die werklike vyand van volkseenheid, die partywese, het homself nou geopenbaar", het genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., op 'n vergadering te Beaufort-Wes verlede week gesê.**

Dit is my antwoord op die vraag wat 'n mens nou moet dink na die verwerping van die Ossewabrandwag se aanbod van eenheid op 'n volksfront, het spr. voortgegaan.

Die vyande van die Afrikanerdom daarbuite juig, want deur die verwerping van dr. Van Rensburg se voorstel, het hulle, die vyande, nie net vyande van die O.B. nie, maar ook vyande van dr. Malan en alle ander Afrikaners, weer gewen. **Dr. Malan het klaar die volgende verkiesing vir die volk verloor!**

Die oorwinning is nie, soos „Die Burger" beduie, 'n Malan-oorwinning oor dr. Van Rensburg nie. **Dit is 'n Malan-nederlaag** in soverre hy hom voorstel dat hy langs sy eenmanspad die volksdoel dien. **Hy het sy volk in die stryd laat verloor.**

**Die man wat partyskap aankleef en in die verwerping van volkseenheid die nederlaag van dr. Van Rensburg meen te sien, juig, want selfs in die geseling of vervolging van sy mede-Afrikaner vind hy plesier, sien hy moontlike partywins.** Dit kan dalk wees dat sy mede-Afrikaner, mededinger kan wees vir politieke of individuele voordeel. „Sit hom in die tronk!" is die kreet.


Hy sien in die verwerping, ook deur die ander partygroepe 'n **„oorwinning" vir dr. Malan se koers van aparte partyskap,** hy en sy volgelinge se aparte voortbestaan as aparte deel van die volk. Daarom kondig hul koerante die weiering van samewerking as 'n oorwinning aan.

**Ek beskou dit as een van die grootste tragedies in die jongste geskiedenis van ons volk.** Want voor 'n aanrollende onheil wat die volk noemlose ellende gaan besorg, **dryf partyleiers en hul pers die volk verder uitmekaar.**

Daar is egter 'n **ligpunt. Die volk sal nou weet wie en wat verdeeldheid handhaaf** en bestendig en also selfvernietiging soek — die partywese.

**Dis 'n goddelose daad, 'n misdaad waarvoor hulle wat dit pleeg voor die regbank van die volks-oordeel gedaag gaan word.**

Vir die O.B. as organisasie lê **die pad egter nou wyd en helder oop.** Die volk wil eenheid, soos die O.B. wil. Hy is sat van die uitskop- en



**Hoofgenl. Jurgens Schoeman, wat saam met die Adjunk-K.G. 'n vergadering op Beaufort-Wes toegespreek het.**

skeurbeleid van partye.

**Die bewys is gelewer dat langs die weg van die partywese geen heil vir 'n volk te soek is nie, geen eenheid en geen oorwinning nie.**

Hoofgenl. Jurgens Schoeman van Oudtshoorn het die vergadering ook toegespreek.

# ARBEID SONDER ADEL

## L.V.'s aan die Werk

'n Voorbeeld van hoe daar tyd verkwis word in die parlement deur die partypolitieke stelsel van regering wat berus op toutrekkery in plaas van samewerking, vind ons o.a. as volg opgeteken in Hansard. Hierdie langdradige en temerige woordestryd tussen grootmense is omtrent al wat lewe bring in die parlementêre debatte, en dit vind voortdurend plaas onderwyl die volk oorweldig word deur dringende vraagstukke. Hoe kan daar redding kom met hierdie draal-metode?

Mnr. HAYWARD: Wie is die Afrikaners in daardie vereniging?

Mnr. SWART: Daar het jy weer 'n hanskakie.

Mnr. HAYWARD: Jy is 'n lafaard.

Mnr. SAUER: Op 'n punt van orde, mag die agb. lid daardie woorde gebruik?

Die VOORSITTER: Wat is die woorde?

Mnr. SAUER: Die agb. lid het 'n ander lid daarvan beskuldig dat hy 'n lafaard is.

Die VOORSITTER: Wat is die punt van orde?

Mnr. SAUER: Of die agb. lid 'n ander agb. lid mag beskuldig as 'n lafaard?

Die VOORSITTER: Die agb. lid mag dit nie sê nie.

Mnr. HAYWARD: As die agb. lid my beskuldig dat ek 'n hanskakie is, dan sê ek dat hy 'n lafaard is.

Die VOORSITTER: As die agb. lid sê dat 'n agb. lid 'n lafaard is, dan moet hy daardie woorde terugtrek.

Mnr. HAYWARD: Ek trek dit terug, maar ek neem streng eksepsie daarteen dat die agb. lid sê dat ek 'n hanskakie is.

Mnr. J. M. CONRADIE: Mnr. die Voorsitter, ek wil graag op 'n punt van orde u reëling hê. Die posisie is dit, as 'n lid aan hierdie kant bestempel word as 'n hanskakie, dan word dit gedoen om hom uit te skel, en ek wil graag weet of dit parlementêr is om daardie uitdrukking teenoor 'n lid te gebruik?

### DIKWELS

Die VOORSITTER: Wat bedoel die agb. lid vir Winburg (adv. Swart) met die woord „hanskakie"?

Mnr. SWART: U kan 'n definisie in 'n woordeboek kry, mnr. die voorsitter. Ek is nie hier om dit uit te lê nie. Ek kan alleen sê dat die woord dikwels in die Raad gebruik word.

Dr. MALAN: Dit is iemand wat mak gemaak is.

Mnr. J. M. CONRADIE: Op 'n punt van orde, mnr. die Voorsitter, ek sal uit Hansard kan bewys dat die woord „lafaard" hier in die Huis gebruik is, en Speaker Jansen het dit toegelaat.

Dr. VAN NIEROP: Nou maak u 'n refleksie op die Stoel.

Die VOORSITTER: Die agb. lid van Winburg kan aangaan.

## VERJAARDAGKETTING

19 APRIL: Christie Botha, George; Johanna Schmidt, Pearston; Jannie van Rooyen, Dendron; Johanna van As, Parow; Elizabeth Weyers, Beaufort Wes; Johannes van der Westhuizen, Vlottenberg; G. J. Venter, Drieviersboom.

20 APRIL: Bernard de Villiers, Pretoria; Pieter Oosthuizen, Dendron; Cornelia du Plessis, Merweville; Gerda Smuts, Franschhoek; Marthunis Stander, Port Elizabeth.

21 APRIL: Cora Theron, George; Hester Marais, Port Elizabeth; Izak Grobbelaar, Vryburg; Simon Weber, Bosbokrand; Daniel de Beer, Tolwe; S. J. Venter, Swartbos.

22 APRIL: Martha Vermaak, Port Elizabeth; Dirk Byleveld, Aughrabies; Johan de Vries, Excelda; John Maritz, Claremont; Paulina Pelzer, Stutterheim; Pieter Coetzee, Lindley; Jan Kilian, Middelburg, Tvl.; C. G. Joubert, Mamagalieskraal.

23 APRIL: H. A. du Plessis, Stellenbosch; Lucas Heyns, Sutherland; Albert Minnie, Port Elizabeth; Susanna Bruwer, Lambrechtsdrift; Jannie Marais, Humansdorp; W. Reinke, Bellville; Charl Naudé, Stellenbosch; Stephanus Schoeman, Commandokraal; Godfrey Kohler, Port Elizabeth; Niklaas Dippenaar, Aughrabies; Jan Hoon, Carnarvon; Anna Haasbroek, Woodstock; Elsa Nel, Paarl; Joyce van Jaarsveld, Bethlehem; Josefiena Teens, Baltimore; Johanna Bosman, Baltimore; Gezina van Wyk, Rustenburg; Hendrik Hefer, Koedoeskop; Hendrik Terblanche, Ganskuil.

24 APRIL: Cornelius van Jaarsveld, Mosselbaai; Wessel Lourens, Essenbosch; Marie Rossouw, Boplaas; Marthinus Botha, Groot-Brakrivier; Johanna Brand, Tiervlei; Pieter du Plessis, Hoewal; Hanna van Wyk, Rustenburg; Willem Steyn, Koedoeskop; Marius R. N. Janse van Rensburg, Clocolan; Carl Meiring, Utrecht.

25 APRIL: Aletta du Toit, Kirkwood; Petrus Venter, Stellenbosch; Hermann Bronner, Maribogo; Catherina Theron, Fouriesburg; Johanna Volschenk, Maizefield; Edmund Volschenk, Maizefield; Martha Breedenkann, Boskuil; Nicolaas Deyzel, Limburg; Francois Joubert, Holbank; Marthinus le Roux, Pietersburg.

# Afrikaanse Partybewind Na Oorlog Sal Noodlottig Wees

## Verskil Aangedui Tussen O.B. En H.N.P.-Leiding

**Oor die grondtrekke van ons toekomsstaat is daar nie so danig ingrypende verskille tussen ons nie. Ons vriende van die Herenigde Party gee nou wel voor dat hulle ons dit baie kwalik neem dat ons daarin geen partywese en geen parlementêre demokrasie wil hê nie. Maar eigelik wil hulle dit ook nie hê nie. Tenminste in daardie Republikeinse konstitusie wat ons almal saam in daardie gelukkige dae voor die breuk in 1941 opgestel het, is daar met groot eenstemmigheid gepraat van 'n nasionale volmagsregering wat nodig is om ons land eers skoon te maak, skryf prof. L. J. du Plessis.**

En daarna het ons almal saam vooruitgesien na 'n volksverkiesing van ons president, d.w.s. 'n verkiesing waarby alleen volksgenote sou stem. Ook het ons verwag dat ons president met sy regering die volle regeergesag sou uitoefen oor die hele land volgens advies van 'n ware volksraad wat die volk en die beroepsgroepe in die volkslewe sou verteenwoordig. Verder sou nie een van ons daar beswaar teen gehad het nie, as die provinsiale rade en die stadsrade saam met die parlement opgeruim sou word, en as die regeergesag in die natuurlike gebiede van die land en in die plaaslike gemeenskappe en in die verskillende beroepsvertakkinge uitgeoefen sou word deur verteenwoordigers van die sentrale regering, bestaande uit voormanne in daardie gebiede en plaaslike gemeenskappe en beroepsvertakkinge, en bygestaan deur adviserende rade, saamgestel min of meer op die trant van die sentrale volksraad. Dit is so ongeveer die raamwerk van wat ons noem 'n gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard, en wat ander verkies om te noem 'n Christelik-Nasionale en Republikeinse volksregering. Wat die naam ook sou wees, ons sou almal daarmee tevrede kan wees, mits dit waarlik 'n volkstaat sou wees en mits dit inderdaad sou sorg vir die welvaart en welsyn van die volk in al sy vertakkinge.

### DIE VERSKIL

Soos gesê, verskil ons nie hieroor so danig skerp nie. Maar wel is daar belangrike verkil oor die weg na daardie toekomsstaat. Tenminste nie eigelik oor die weg nie, maar wel oor wie en wat die leiding moet aangee op daardie weg. Die Herenigde Party se leiers sê dat hulle party die leiding moet gee; ons sê: **Nee, nie 'n party nie, maar 'n volksbeweging. Selfs nie eers ons eie volksorganisasie nie, as julle dit nie wil hê nie, maar 'n ware volksbeweging waarin alle volksorganisasies vir politieke doeleindes saamgeskakel is in 'n gesamentlike skakelkomitee of -raad.** Daarom het ons vroeër die stigting van die eenheidskomitee gesteun en het ons nou 'n algemene uitnodiging gerig om 'n gesamentlike parlementêre front te stig en het ons reeds self begin met die vorming van 'n algemene sosiaal-ekonomiese volksfront waarin ook nie-lede van die Ossewabrandwag opgeneem kan word.

Die Herenigde Party se leiers het weer geweier om met so iets saam te werk. Maar die Ossewabrandwag het besluit om in elk geval daarmee voort te gaan, sodat die volk vir aksie gereed kan wees wanneer die parlementêre demokrasie ook in ons land ineenstort onder die mokerhoue van die buiteparlementêre sosiale en nasionale nood, soos sekerlik sal gebeur.

### SOOS LANK GELEDE

Hoe wil ons die volk dan daarvoor gereed maak? Eenvoudig deur vir hulle die moontlikheid te vertoon en die masjinerie te skep om afgesien van party-verdeeldheid saam te werk vir alle volksbelange, ook veral vir ekonomiese volksbelange, nie noodsaaklik alleen binne die Ossewabrandwag nie: ons is ten volle bereid om saam te werk ook in 'n gemeenskaplike skakelorganisasie. Hierdie samewerking buite bo partyverdeeldheid is ons bereid om ook uit te brei tot die parlementêre gebied, om in verband daarmee desnoods ook saam te stem of nie te stem nie, saam te stem vir volkskandidate of nie te stem vir party-kandidate nie. So sal ons volk geleer word hoe dit lyk om as volk saam te werk en nie as partye mekaar teen te werk nie. Of liewer, nie geleer word nie, **maar weer herinner word aan wat hy vroeër geweet het en in sy ou republieke ook werklik toegepas het.**


### WAT VAN H.N.P.?

Maar wat dan van die Herenigde Party? Wel, ons hoop dat die meeste van sy lede ook nog volkseenheid sal herken as hulle dit eers weer in die praktyk sien. **En as sy leiers dit nie kan of wil herken nie, dan is dit nodig vir ons volk se toekoms om hulle te verhinder om die regeermag in die hande te kry. Want dan het hulle die bewys gelewer dat hulle so partysiek is, dat hulle nooit 'n gesonde volkstaat sal kan bestuur nie.** En in elk geval is dit nie wenslik dat 'n Afrikanergroep in ons land weer die mag in die hande sal kry voordat ons volk eers heeltemal uitgesiek het van die demokratiese partysiekte nie. Veral is dit nodig dat 'n party-regering nie van Afrikaner-kant kort na hierdie oorlog in die kussings sal kom nie. **Want die oes van hierdie oorlog sal so verrot wees dat geen party-regering dit met sukses sal kan afoes nie.** Die volgende party-regering sal die grootste fiasko wees wat daar nog ooit in Suid-Afrika was, **en dis wenslik dat dit nie 'n Afrikanerregering sal wees wat daardie fiasko op sy kerfstok kry nie. Want dit sal enige Afrikanerregering vir die verre toekoms in diskrediet bring.** Nee, laat die opvolgers van Genl. Smuts self sy bankrot boedel beredder. 'n Afrikaner-regering, al is dit 'n party-regering, is vir daardie „job" te goed. Maar, in elk geval sal die volgende regering nie 'n Afrikanerregering wees nie, en nie eens 'n eigelike party-regering nie; **dit sal, as alle voortekens nie bedrieg nie, 'n mengelmoes-koalisieregering wees, of** soos dr. Bremer dit in die parlement bepleit het, 'n demokratiese koalisie vir alle volbloed-demokrate, Afrikaans- of Engelssprekend.

Maar die redding van die Afrikanerdom en van Suid-Afrika as geheel vereis 'n anti-demokratiese volksregering in 'n Christelik-nasionale en -sosiale gesagstaat, waarvoor ons gekies het.

---

### GEBIEDSLEIER VAN GEBIED E



Genl. Louis Bootha, wat vir geruime tyd met verlof is weens die gesondheidstoestand van sy eggenote en afwesig sal wees van die Rand, word opgevolg deur genl. J. G. S. Opperman, wat optree as waarnemende Gebiedsleier gedurende sy afwesigheid.

---

### ONDERSOEK NA S.A. NAS.-SOSIALISME

Die Raad van die Kerke het verlede week in Kaapstad na bespreking oor vreemde ideologieë die volgende besluit aangeneem:

„Die Raad van die Kerke besluit dat, aangesien die Kommissie vir aktuele vraagstukke ondersoek ingestel het na die Duitse nasionaal-sosialisme, ook nou aan die kommissie opgedra word om sy aandag te skenk aan die nasionaal-sosialistiese gedagte soos dit in ons land begin posvat".


**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

Laat die Erwe van die Vaders,
vir die Kinders Erwe bly:

Belê u geld in vaste eiendom, en verseker u toekoms. Wil u 'n plaas koop, of verkoop? Bel of skryf ons dadelik.

HUURGELD IS BLOEDGELD


Wees die trotse besitter van u eie huis. Ons sal u sê hoe:

**Wesrand Eiendoms Verkopings (Edms.) Beperk**
Posbus 46, Foon 62-1764.
MARAISBURG.

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.



NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD
*Kommando*
-SIGARETTE
ROND OF OVAAL
WAARDE VIR GELD

SH2271

**SCHOEMANELLO DRANK...**

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOODKOOPSTE

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel Kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| WYNE: | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail | 4/- | — |
| SOET WYNE: | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| SJERRIES: | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet), | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig) | 1/5 | 6/9 |
| DROË WYNE: | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/8 | — |
| BRANDEWYNE: | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| JENEWER | 7/6 | — |
| LIKEURS: | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| JENEWER-LIKEURS: | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN,**
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

DIE O.B., WOENSDAG, 18 APRIL 1945.

# Partypolitieke Wraaksug?

DIE interneringsbeleid van die huidige partybewind is nie minder skromelik omdat dit ooreenstem met die gees van die partypolitiek nie. Die hele optrede van die betrokke owerheid is so sinloos dat 'n mens kwalik tot 'n ander gevolgtrekking kan kom as dat hierdie dinge gedoen word nie om die partybewind se lewe te verseker nie, maar om wraak uit te oefen op politieke teenstanders wat andersins nie deur die landswette of noodregulasies strafbaar is nie. So by voorbeeld is 'n sekere persoon sonder verhoor geinterneer omdat hy „'n vooraanstaande Britse staatsman (Duff Cooper) beledig het" deur te sê dat laasgenoemde beweer het dat daar geen skeepsruimte beskikbaar is vir die ontruiming van Britse kinders nie nadat hy sy eie kinders na Amerika gestuur het.

**Hierdie aanklag is werklik aan 'n ge-interneerde in die kamp voorgelê. Dit is verstaanbaar dat 'n persoon op so'n aanklag nooit voor die burgerlike hof gedaag kan word nie!**

## BOER NA STAD

Maar wanneer 'n persoon na jare se internering op grond van sulke Britse sentiment weer losgelaat word, dan word hom nog geweldige beperkings opgelê. **Vir maande aaneen — totdat dit die Minister behaag — verkeer hy onder huisarres, en dan ook nie by sy gewone tuiste nie, maar by vreemdes.** Die regering voorsien hom nie meer van kos en klere nie, en 'n groter las word op die gesin geplaas van wie ook nou nog die karige staatstoelaag teruggetrek word. Dit gebeur soms dat 'n boer van die binneland uitgelaat word op voorwaarde dat hy in Kaapstad of Pretoria moet werk soek. **Op hierdie twee plekke is hy nie 'n bedreiging nie, maar een dag terug op sy plaas, bring die regering se posisie in gevaar! Watter logika steek daarin?**

**In 'n tyd wanneer daar gekla word oor gebrek aan plaasprodukte, tot so'n mate dat voedsel ingevoer moet word, dwing die regering boere om in stede te gaan werk en hul plase aan verwaarlosing te onderwerp!**

## SKOLLIES BESKERM

Tensy die regering verduidelik wat hy met hierdie huisarres besin, kan die volk tot geen ander gevolgtrekking kom nie as dat dit òf uit blote wraaksug gedoen word om politieke teenstanders se lewe te vergal selfs na sogenaamde loslating uit die kamp, òf dat dit aangewend word as 'n wapen om sy teenstanders finansiëel te breek. Wat ook al die rede mag wees, dit is enkelinge en burgers vir wie se sorg en veiligheid die owerheid 'n waarborg veronderstel te wees, wat op so'n gewetenlose manier moet boet.

**Laat diegene wat die mond vol het van demokrasie en die reg van die individu — ja ook 'n Colin Steyn wat weier om skollies te belet om messe te dra omdat dit 'n skending van die persoonlike vryheid sou wees — hierdie optrede toets aan hul sedige woorde.**

# REHABILITEER ONS GE-INTERNEERDES

Die Sekretaris van die Noodhulpfonds, genl. G. Puren, doen onderstaande oproep i.v.m. die rehabilitasie van oud-geïnterneerdes:

Ons oud-geïnterneerdes kan in verskillende klasse ingedeel word. Byna sonder uitsondering het hierdie manne hulle vorige betrekkings verloor. Professionele manne, amptenare, klerke, sakemanne en ambagsmanne is nie die grootste moeilikheid nie. Hierdie groepe word vroeër of laer weer in een of ander werkkring geplaas; ons pogings in dié verband was tot nou toe nie sonder sukses nie. **Ons grootste probleem is die klas van kleinboere wat alles verloor het en nie die een of ander geskoolde vak ken nie.**

**Van laasgenoemdes is daar 'n paar dosyn en van hulle kom daar 'n noodgeroep tot ons.** Die Noodhulpfonds, wat hom in eerste instansie beywer vir die onderhoud en aanverwante dienste ten bate van die geïnterneerdes se afhanklikes, is nie toereikend om in hierdie bykomende behoefte te voorsien nie. En tog **moet** hierdie manne weer op die been gehelp word.

Immers, hulle het alles geoffer; hulle persoonlike vryheid; hulle persoonlike besittings, hulle huislike verband, die geriewe van hulle families — alles behalwe hulle nasionale siel; die het hulle behou. Die doringdrade van die kamp, die klipmure van die tronksel het hulle harder en sterker gemaak. Ons sien daagliks van hulle en ons getuienis is nie vals of oordrewe nie. Ons **moet** hulle help.

In dié verband het daar reeds 'n kragtige oproep van die K.G. in „Die Vaderland" verskyn, asook van hierdie Blad se redaksie. Ons wil dan ook langs hierdie weg ons hartlike dank aan „Die Vaderland" betuig vir sy welwillende medewerking, temeer omdat dit so'n skreiende kontras vorm met die Nasionale Pers (sic) wat konsekwent geweier het om selfs betaalde advertensies ten bate van die Noodhulpfonds te plaas, hoewel hulle dit doen vir Joodse firmas en selfs vir oorlogsfondse! Terloops wil ons hulle waarsku dat die terugkerende geïnterneerdes hulle om verduideliking sal kom vra — en die Nasionale Afrikanerdom sal dit doen.

**Wie wil help? Ons soek die Driehonderdponders, die Tweehonderdponders en die Honderdponders ons gegoedes. U kan dit as eenlinge doen, u kan dit as groepe doen.** Ons wil vertrou dat ons met korrespondensie oorstroom sal word van hulle wat wil help. Skrywe in eerste instansie aan ons vir besonderhede van individuele gevalle.

Vrye gifte of lenings, sonder of met billike rente, is ewe welkom!

Rehabilitasie is die wagwoord; rehabilitasie, die reddingsdaad.

# Marionettespel en Draadtrekkery

(Deur Prof. J. A. Wiid)

Die heengaan van pres. Roosevelt het oor die hele wêreld baie penne en baie tonge in beweging gebring. Veel wat **vandag** oor die gestorwe president geskryf word of van hom gesê word, dra die stempel van die gewone lykrede: Oor die dode, niks as goeds nie! Dit is dan ook vanselfsprekend dat die huidige lyk- of lofredes oor die gestorwe president vir toekomstige biograwe wat objektiewe lewensbeskrywings van Roosevelt wil skryf, geen bewyskragtige historiese bronne sal uitmaak nie.

Die heengaan van pres. Roosevelt is nietemin 'n gebeurtenis van wêreldhistoriese belang: Dit is immers die staatshoof van die magtigste staat, veral op materiële gebied, wat van die toneel verdwyn het; sy heengaan het plaasgevind op die kritiekste tydstip in die wêreldgeskiedenis — die tydstip tussen 'n vernietigende oorlog en 'n konstruktiewe vrede; sy heengaan het aan sy opvolger, die onbekende en onervare Harry S. Truman, uiters hoë en moeilike eise gestel. Geen wonder dat mev. Roosevelt aan die nuwe President, wat haar gevra het of hy iets vir haar kon doen, geantwoord het: „Is daar enigiets wat ons vir u kan doen?"

## WIE IS TRUMAN?

Dit is die vraag wat die Amerikaanse publiek hom afgevra het oor die man wat volgens die grondwet die onverstreke deel van die oorlede President se termyn — meer as 3½ jaar — sal moet uitdien. Die vraag word vir Amerika beantwoord: Truman word beskryf as 'n beskeie, goedgeaarde gentleman. Hy is 60 jaar oud maar lewenslustig, hoewel sonder treffende hoedanighede. Hy is 25 jaar lank getroud, voer 'n stil bestaan en het een dogter wat op universiteit is.

Hy is lid van die Baptistekerk en was op 'n tyd baie geïnteresseerd in die Oxford-groepbeweging, maar hy hou van 'n bietjie poker en is nie 'n afskaffer nie. Hy het nie 'n universiteitsopleiding gehad nie, maar was altyd lief vir studie.... Hy is nie welsprekend nie.... en in die politiek het hy gestyg feitlik ten spyte van homself. Aldus die Amerikaanse beskrywing van die nuwe President „sonder treffende hoedanighede".

## GEEN REDE OM ONRUSTIG TE WORD NIE(!?)

Daar sal sonder twyfel mense wees wat onrustig voel oor hierdie nuwe President „sonder treffende hoedanighede". Hoe sal hierdie doodgewone man in hierdie veelbewoë tyd die werk kan doen van die ervare Roosevelt wat sedert 1932 Amerikaanse President was en dus alle rekords geslaan het en benewens Amerikaanse President ook 'n wêreldfiguur met erkende internasionale status was? Hoe sal die eenvoudige Harry S. Truman in hierdie grootste van alle wêreldkrisisse die werk kan doen wat vir die beroemde Franklin Delano Roosevelt bedoel was?

Daar is geen rede om onrustig te wees nie. Nie hy wat op die troon sit nie, maar die onsigbare mag agter die troon sal die deurslag gee. Dit is wel waar dat in die plek van die ervare Roosevelt en sy beproefde minister van buitelandse sake, Cordell Hull, vandag die onbekende Truman en die onervare Stettinius moet optree. In 'n marionettespel is dit egter nie die marionet nie, maar die draadtrekker wat belangrik is en in Amerika ontbreek dit seer seker nie aan draadtrekkers nie.

## BERNARD MANNES BARUCH

In Amerika is Bernie Baruch sonder twyfel een van die magtigste manne agter die troon, een van die vernaamste draadtrekkers in die marionettespel. Hierdie multimiljoenêr en beursspekulant van ongeveer 75 jaar was reeds die raadgewer van vyf Amerikaanse presidente (Wilson, Harding, Coolidge, Hoover en Roosevelt) en sal dit eersdaags waarskynlik ook van die sesde (Truman) word. In die eerste Wêreldoorlog was hy die briljante hoof van die Industriële Raad en in die huidige oorlog is hy die raadgewer van regter James F. Byrnes, hoof van die departement van Oorlogsmobilisasie (Office of War Mobilization). Volgens sy eie getuienis kry hierdie ou man dit nog reg om sestien uur per dag te werk „so lang daar 'n Duitser of Japanner oor is en 'n mooi vrou om na te kyk". In 1916 was sy jaarlikse belasbare inkomste maar net **2,300,000 dollars!** Hy het dit egter reggekry om stilletjies sy beleggings te likwideer voor die finansiële ineenstorting van 1929 ingetree het!

Hierdie draadtrekker wat reeds daarin geslaag het om vyf Amerikaanse presidente te oorleef, is 'n Jood en 'n magtige lid van die internasionale Jodedom. Die marionettespel het geen geheime meer nie!

# GEE U GELD VIR VYANDE?

## Lees hier:

**Besighede word ryk van u geld.**
**Andere neem u geld vir aandele.**

**● Adverteer hulle in u blad, Die O.B., of help u hulle om uself te vernietig? U winkelier, u assuransiemaatskappy, die maatskappye waarvan u aandeelhouer is, ens.?**

**●● Adverteer die toneelgeselskappe alleen in u teenstanders se blaaie, of ook in Die O.B.?**

**●●● Dink daaraan: Is dit nie u plig om hulle aan te spreek as hulle net u geld vat en dit nie ook in Die O.B. spandeer nie?**

**●● Vra u ooit winkels, en veral die spoorwegwinkels waaroor u as belastingbetaler sê het, waarom hulle weier om Die O.B. te verkoop?**

**● Sal u ooit u volksideaal bereik as u nie ook u enigste mondstuk help nie?**

**Die O.B., die Afrikaanse blad met die grootste sirkulasie, is die beste advertensie-medium. Vra die gereelde adverteerders.**

**Ondersteun die adverteerders van Die O.B. en noem die O.B. wanneer u van hulle koop of bestel.**

# DIE NOOD IS NOG HOOG:

**Die sekretaris van die Noodhulpfonds maak bekend:**

**Noudat ons broers vinnig uit die interneringskamp ontslaan word, mag ons goeie vriende van die O.B.-Noodhulpfonds miskien onder die indruk verkeer dat ons verantwoordelikhede ten einde loop en dientengevolge hulle pogings laat verslap. Daarom wil ons die jongste posisie so kort en saaklik as moontlik stel.**

**Hier volg nou eers 'n staat van inkomste en uitgawe vir die periode 1 Julie 1944—28 Feb. 1945:—**

| | INKOMSTE | UITGAWE |
|---|---|---|
| Julie 1944 | £950 12 5 | £1,458 10 7 |
| Aug. 1944 | 1,143 6 3 | 1,738 10 7 |
| Sept. 1944 | 1,736 3 5 | 1,575 17 2 |
| Okt. 1944 | 390 15 3 | 1,568 19 8 |
| Nov. 1944 | 1,021 11 10 | 1,268 3 10 |
| Des. 1944 | 2,054 1 1 | 1,189 13 10 |
| Jan. 1945 | 1,104 7 3 | 1,279 9 7 |
| Feb. 1945 | 278 12 4 | 1,324 12 10 |
| Totaal: | £8,679 10 10 | £11,403 18 2 |
| Gem. per maand: | £1,084 18 10 | £1,425 9 9 |

Volgens kasboek is daar 'n debietbalans van £408-3-1 op 28 Feb. 1945.

Ons lewer geen kommentaar nie maar as lesers in die een of ander item van hierdie staat ge-interesseerd is, kan hulle vir verduideliking direk aan die sekretaris van die Noodhulpfonds skrywe.

**DIENSTE**

**Hierdie gelde is aanbestee vir die volgende dienste: Onderhoud; assuransie; huurkoop (vaste eiendom en meubels); reistoelaes; vervoertoelaes; toelaes vir klerasie; studietoelaes; kraamtoelaes; ander mediese dienste; kosverskaffing aan verhoorafwagtende politieke gevangenes; bystand; begrafnistoelaes — en administrasie.**

**WERKVERSKAFFING**

Deur ons Sentrale Noodhulpkantoor is gedurende die laaste agt maande, hoofsaaklik deur bemiddeling van die R.D.B., 'n tagtigtal oud-geïnterneerdes in die een of ander werkkring geplaas, terwyl ook baie ander deur die pogings van ons plaaslike eenhede aan werk gehelp is.

**BYSTAND**

Die Sentrale Fonds kan ongelukkig, weëns sy veelvuldige verpligtings jeens die families van geïnterneerdes, op die oomblik nie veel aan hierdie saak doen nie en wil weer dringend die aandag daarop vestig dat plaaslike kommando's hulle moet vergewis van die omstandighede van oud-geïnterneerdes in hulle onderskeie areas en sulke stappe moet neem as wat hulle prakties moontlik vind om hierdie vriende, al is dit dan maar ook tydelik, 'n heenkome te besorg.

**REHABILITASIE**


Daar is tipe-gevalle — veral kleinboere en kleinsakemanne — wat spesiale aandag verdien. Oor hierdie saak skrywe ons meer volledig in 'n volgende artikel.

**DIE NOOD IS NOG HOOG!**

Dit is wel waar dat Koffiefontein nie meer baie Afrikaners het nie. Dog onthou dit: **groot getalle is uit op parool-voorwaardes en kan derhalwe nog nie werk aanvaar nie; by hulle loslating uit die interneringskamp is alle regeringstoelaes stopgesit, sodat 'n nuwe broodeter bygekom het en die materiële toestand van die afhanklike families sodoende eerder versleg as verbeter het — en daar is ook die families van hulle wat onder die noodregulasies tot gevangenisstraf gevonnis is.**

U pogings durf derhalwe nog nie verslap nie!

# Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



Mnr. A. B. le Roux, B.A.

Gewese skoolhoof op Kuilsrivier, Prieska en Montagu, en met sy inhegtenisneming 'n dosent aan die Wesley-Opl. Kollege, Soutrivier; is sonder waarskuwing, aanklag of verhoor in Julie 1942 (onder uiters sieklike gesondheidsomstandighede) vir internering na Koffiefontein-kamp vervoer. Daar het hy 17 maande moes bly, waarna hy 5 maande lank op plaasarres, ver van sy tuiste in Transvaal moes woon. In Mei 1944 losgelaat, is hy en sy familie nog steeds geskei weens die woningnood in Kaapstad. Hy was woonagtig op Goodwood.

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".**

## „Bestellings Stroom in met elke Pos"

**Mnr. F. S. Olivier van Graaff-Reinet skryf in verband met 'n advertensie in Die O.B. as volg:**

**„Aangeheg vind u my tjek vir £. . ter vereffening van my rekening vir ram-advertensies. Met elke pos stroom bestellings in vanaf alle dele van die Unie, en nou eers besef ek reg hoe groot en wyd die verspreiding van Die O.B. is! Ek wens hierdie kragtige klein blad van ons alle verdere sukses toe, en weet nou waarin om te adverteer vir vinnige en suksesvolle resultate. Hieronder dan ook weer 'n advertensie vir drie plasings asseblief".**

## DAREM NUTTIGER

Dr. F. J. van Biljon, wat deur die regering na Kenia gestuur is om die rantsoeneringstelsel daar te ondersoek, het aanbeveel dat rantsoenering liewer nie ingestel moet word nie, aangesien soveel amptenare nodig sal wees dat die hele Sesde Divisie uit Italië gebring sal moet word vir die werk.

Dit sal in elke geval nuttiger werk wees as wat hulle tans verrig.


# £400 Vir 2 Romans

## Pro Ecclesia-Boekhandel

***Bied 2 Pryse van £200 elk vir***

**(a) Humoristiese Roman**

**(b) Algemene Roman**

**VOORWAARDES:**

1. Manuskripte moet nie meer as 70,000 woorde beslaan nie.
2. Manuskripte moet net op die eenkant van die papier getik of geskryf word. (GETIK IS VERKIESLIK.)
3. Manuskripte word op eie verantwoordelikheid aan ons gestuur. Ons hou ons nie verantwoordelik vir manuskripte wat verlore gaan nie.
4. Indien u begerig is om mee te ding laat ons vroegtydig weet.
5. Sluitingsdatum 31 Desember 1945.
6. Naam en volledige adres van skrywer met aanduiding vir welke Afdeling, (a) of (b), meegeding word, moet op die eerste en laaste blad van die manuskrip gemeld word.
7. *Die Pro Ecclesia-Boekhandel behou die reg om manuskripte wat vir publikasie geskik is, maar geen prys verower het nie, teen 'n skrywersaandeel, waar ooreen gekom word, uit te gee.*
8. Pryswenners kry behalwe die prys ook 'n skrywersaandeel van 15%.

*Stuur manuskripte aan:* BESTUURDER PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL, POSBUS 29, STELLENBOSCH.

## *Nuwe Boeke*

### Mense van Anderkant

deur ANNAMARIE WESSELS — 6/10 posvry

Al die arm mense van Heilashoek woon Anderkant. Lees hierdie aangrypende verhaal van Salie Botha wie ook Anderkant woon, wat verlief raak op 'n seun van welgestelde ouers wie in Heilashoek woon.

### Die Geheim van die Berghaan

deur RUDOLF MEIRING — — 6/10 posvry

'n Baie Interessante Speurverhaal wat afspeel op 'n plaas in die Bosveld.

### Verlowing en Huwelik

deur Ds. D. F. ERASMUS — 4/9 posvry

Hierdie boek blyk 'n uitstekende verkoper te wees. Die boek verkoop vinnig, oplaag is beperk. Bestel onmiddellik.

## Pro Ecclesia-Boekhandel

**POSBUS 29 - STELLENBOSCH**

BOEDEL WYLE CHRISTIAAN PIETER DAVID MOCKE.

# PUBLIEKE VERKOPING

Van die Beroemde Plase

## Doornhoek, Sandrivier, Afsaal, ens.

DISTRIK BEAUFORT WES

*In die Stadsaal, Beaufort Wes*

**Saterdag, die 28ste April 1945**

om 10-uur v.m.

Die ondergetekende, daartoe gelas deur die Eksekuteurs in die bogemelde boedel, sal op plek en datum per PUBLIEKE VEILING aanbied al die vaste eiendom in die bogemelde Boedel, as volg:

TEN EERSTE:

Die puik Plaas DOORNHOEK. Groot ongeveer 7000 Morge, bevattende:

1. Die Plaas Doornhoek, distrik Beaufort Wes. Groot: 4381 Morge 465 Vierkant Roede.
2. Die restant van die Plaas Wolvehoeks Kloof, Distrik Beaufort Wes. Groot: 931 Morge 550 Vierkante Roede.
3. Oudrift, deel van Kookfontein. Dist. Beaufort Wes. Groot: 38 Morge 210 Vierk. Roede.
4. Jasfontein, deel van die plaas Schalkwyksfontein, Distrik Beaufort Wes. Groot: 415 Morge 119 Vierk. Roede.
5. Die restant van die plaas Sand Rivier (beskrywe as Palmietfontein), Dist. Beaufort Wes. Groot: Ongeveer 1250 Morge.

Die bogemelde eiendomme, wat aanmekaar grens, is verdeel in 7 kampe met 13 windpompe. Daar is twee en drie waters in byna elke kamp. Daar is 'n groot gerieflike woonhuis op die plaas — 'n groot skeerhok, eersteklas krale, telefoon ens.

Die plaas lê 18 myl van Beaufort Wes op die kant van die Nieuwveld Berge en bestaan uit berg-, rivier- en rante-veld van die beste.

TEN TWEEDE:

Deel van die Plaas PALMIETFONTEIN, bekend as SANDRIVIER, Distrik Beaufort Wes. Groot: Ongeveer 2500 Morge.

Die bogemelde plaas is verdeel in 3 kampe met 5 windpompe daarop. Daar is 'n klein woonhuis op die plaas, telefoon ens.

TEN DERDE:

Die Plaas AFSAAL, Distrik Beaufort Wes. Groot: 1935 Morge.

Die plaas is verdeel in twee kampe met drie (3) windpompe en een (1) saamsuiping.

Die dele sal apart en as 'n geheel ook opgeveil word.

TEN VIERDE:

KLIPPLAATSFONTEIN, Distrik Beaufort Wes. Groot: 1415 Morge.

Die Plaas is verdeel in 2 kampe met 1 windpomp. Daar is 'n gerieflike woonhuis met buitegeboue.

TEN VYFDE:

MOUNTAINLODGE, deel van die Plaas Matjesfontein, Distrik Beaufort Wes. Groot: 4500.0137 Morge.

Die plaas is geheel toegekamp met jakkalsproef omheining en verdeel in 4 kampe met nodige waters in elke kamp. In die veld is 4 standhoudende fonteinwaters en een wendam.

TEN SESDE:

Die Erf geleë in Bird Straat, in die Munisipaliteit van Beaufort Wes, synde Lot D. van Erf No. 53 en gedeelte van Erf No. 53. Groot: 35 Vierkant Roede 14.31 Vierk. Voete. 'n Eersteklas Bouperseel.

TEN SEWENDE:

Die Erf geleë in De Villiersstraat, Beaufort Wes, synde Lot A., gedeelte van Erf No. 52. Groot: 5103 Vierkante Voete. 'n Eersteklas Bouperseel.

Hier is 'n kans van 'n leeftyd.

ONTHOU: SATERDAG, die 28ste APRIL 1945.

Vir verdere besonderhede doen aansoek by:

H. W. GIRD,
Eksekuteur Testamentaire,
Posbus 6, Foon 23,
Beaufort Wes.

en

JOHN D. CRAWFORD,
Afslaer,
Posbus 25, Foon 60,
Beaufort Wes.

# Dr. Colin Steyn „Beskermheer" Van O.B. Genoem

## Beskou L.V. Slagoffers te Min?

**Volgens Hansard het veldm. Smuts in die Volksraad tydens 'n tussenwerpselgesprek met mnr. C. R. Swart, leier van die H.N.P. in die Vrystaat, gesê: „Die Ossewabrandwag beskou my Vyand Nommer Een".**

**Hierop het mnr. Swart tussengewerp: „Maar die Minister van Justisie is die grootste beskermheer van die Ossewabrandwag".**

Dit is bekend by alle mense wat al onder die kruit van die H.N.P.-leiding se propaganda gekom het, dat hul geliefkoosde storie teen die O.B. is dat die Beweging met veldm. Smuts „skakel". Die O.B. weet dat die H.N.P.-leiding weet dat die storie onwaar is.

Dit is egter die eerste keer, sover ons weet, dat die H.N.P.-leiding sê dat dr. Colin Steyn, **die minister wat verantwoordelik is vir die internering en gevangeneming van honderde O.B.-lede, die „grootste beskermheer" van die Ossewabrandwag is.**

En die man wat dit sê, is dieselfde man wat destyds 'n leidende rol gespeel het i.v.m. die Vrymesselaarsbriewe-storie teen wyle generaal Hertzog, as gevolg waarvan die Generaal na die eensaamheid van sy plaas verban is.

### HOE HY „BESKERM"

Om darem te sê dat dr. Colin Steyn die „grootste beskermheer" van die O.B. is, is verregaande. Elkeen weet dat dit nie so is nie, maar die gevoellose koelbloedigheid daarvan slaan 'n mens se asem weg.

**Daar is honderde vrouens en kindertjies, lede van die Ossewabrandwag, wie se mans en pappies deur dr. Colin Steyn in kampe of tronke gesmyt is, sonder aanklag en sonder verhoor.**

**Daar is honderde huisgesinne wat dr. Colin Steyn van die broodwinner beroof het, en tussen wie en volkome gebrek alleen die Noodhulpfonds van die O.B. gestaan het.**

Daar is honderde mans, eerbare lede van die O.B., wat dr. Colin Steyn in folterkampe en tronke laat kwyn het omdat hierdie manne smaad en vernedering verkies het liewer as om die knie vir die Empire te buig.

**In die Volksraad sê mnr. C. R. Swart dat dr. Colin Steyn die „grootste beskermheer" van hierdie mense is!**

### WIS HY MAAR!

**As mnr. C. R. Swart maar bekend was met 'n kwart van die nood en lyding wat sy volk gedurende hierdie oorlogsjare by hande van dr. Colin Steyn moes verduur; en as mnr. C. R. Swart maar net eenkeer die heroïsme en opoffering kon waarneem waarmee mans, vrouens en kindertjies jarelank die gêselslae van dr. Colin Steyn en sy politieke speurders verduur het, dan sou hy besef dat hy heiligskennis gepleeg het toe hy hierdie volk van hom bespot het deur dr. Colin Steyn hul „grootste beskermheer" te noem.**

In die bittere oorlogsjare wat verby is, is dit die O.B. wat die volk se siel gered het. Dit was O.B.-lede in hul honderdtalle waarmee dr. Colin Steyn die kampe en tronke van die Empire gevul het; dit was O.B.-lede in hul honderdtalle wat die stryd en verset van die Afrikanervolk lewendig gehou het. Dit was die O.B. wat met sy Noodhulpfonds hierdie stryd en verset gedra het en moontlik gemaak het.

Dit was die H.N.P.-leiding en sy pers wat die Noodhulpfonds gemy het deur selfs betaalde advertensies daarvoor te weier, en dit was dr. Malan, die leier van die party, wat die O.B. in die Paarl aan die regering verklik het. Dit betaam dus alles behalwe 'n leier van die H.N.P. soos mnr. C. R. Swart om met die O.B. en die Afrikanervolk se nasionale verset te spot, deur die simbool van hul onderdrukking, dr. Colin Steyn, hul „grootste beskermheer" te noem.

Dis 'n roekelose ding om te sê.

### HULP VERLEEN

**In die kort tydjie van sy bestaan het die Noodhulpfonds van die O.B. 5000 siele van ondergang gered. Hulle is die gesinne van 893 geïnterneerdes en politieke gevangenes wat geen ander heenkome kon vind nadat dr. Colin Steyn die broodwinner agter doringdraad of tralies geplaas het nie.**

Hul „grootste beskermheer" is nie dr. Colin Steyn nie; dit is die Ossewabrandwag.

Maar hul „grootste bespotter" is mnr. Charles Robert Swart, hoof van die H.N.P. in die Vrystaat. Blykbaar is mnr. Swart nie tevrede met die slagting wat dr. Steyn aangerig het onder die O.B. nie — vandaar die siniese aanmerking.

## OPTIMISTIESE BURGEMEESTER

By die bespreking van die oprigting van tydelike huise vir Kaapstad deur die stadsraad het die voorsitter van die behuisingskomitee gesê dat „die goedkeuring van die **regering, die sentrale behuisingsraad,** en die **boukontroleur** nog verkry moet word".

Die burgemeester: Daar gaan geen vertraging wees nie.

Die voorsitter: Die regering kan miskien die plan vertraag.

# *S. A. Gaan Partydiktatuur Bly*

Dr. Colin Steyn, Minister van Justisie, het verlede week op 'n vergadering in Kaapstad gedreig dat hy in vredestyd net so sterk teen „ondermynende organisasies" gaan optree as gedurende die oorlog.

„Baie ondermynende organisasies", het hy gesê, „reken dat hulle hul bedrywighede sal kan voortsit deur net van deuntjie te verander. Daar sal nou eens en vir altyd teen sulke organisasies, wat die tronke en kampe van die land met jong Afrikaners volgeprop het, opgetree word".

Volgens hierdie uitlating sal daar na die oorlog in ons land dus ook nog interneringskampe vir „andersdenkende" Afrikaners wees — net soos in Duitsland, na bewering, die geval was en met die oog waarop duisende Afrikaners se lewens opgeoffer moes word.

# „Sal Leeu van Revolusie" Oor Wêreld Loslaat"

## — Sê Josef Stalin

Voor die huidige oorlog uitgebreek het en daar nog gevaar bestaan het dat die Westerse moondhede 'n verenigde front teen Rusland kon vorm ten einde die gevaar van wêreld-kommunisme in sy eie nes dood te druk, het Stalin eenmaal op 'n kongres van sy party die moontlikhede van so'n toestand vir Rusland bespreek. Met die oog op wat vandag in Europa gebeur, en moontlik nog op ander plekke kan gebeur, is dit van belang om sy woorde in herinnering te roep.

Stalin het gesê dat so'n aanslag teen Rusland nie sal slaag nie, „omdat in die eerste plaas so'n bedreiging van 'n verenigde aanval deur die kapitalistiese lande die hele land onder die banier van ons bewind sal verenig soos nooit tevore nie, om dit sodoende nog 'n meer ondeurdringbare vesting te maak as wat dit ooit was". **„In die tweede plaas sal 'n opmars teen die Sowjet-unie 'n reeks revolusies agter die vyand se front laat ontstaan en die geledere van die imperialiste op die wyse ontbind en demoraliseer.** Daar kan geen twyfel bestaan nie dat daar in die jongste tyd 'n groot ophoping van dergelike revolusies ontstaan het en dat hulle niks goeds vir die imperialistiese moondhede voorspel nie. **In die derde plaas staan ons land nie meer alleen nie, want dit het die werkers van die weste en die onderdrukte volkere van die ooste as sy bondgenote. Daar kan nouliks enige twyfel bestaan dat, as ons land aangeval word, die imperialiste ook oorlog sal moet voer teen hul eie werkers en kolonies. Daar bestaan geen rede vir my om aan te toon dat indien ons land aangeval word, ons nie met gevoude arms sal staan nie, maar dat ons elke en enige middel sal aanwend om die leeu van revolusie in alle lande van die wêreld los te laat. Die bewindhebbers van die kapitalistiese lande sal moet erken dat ons nogal ondervinding op hierdie gebied het".**

Waar daar reeds al sprake is van Wêreld-oorlog No. 3 — teen Rusland — en daar in Europese lande reeds kommunistiese opstande plaasgevind het, pas dit die Westerse moondhede om ag te slaan op hierdie woorde. Maar wat gebeur in ons land? **Afrikaners word in kampe gestop, maar kommunistiese agente loop vry rond om „die leeu van revolusie" los te laat. En intussen hou partypolitici die volk magteloos verdeeld.**

## Oproep i s. O.B.-Dag



Genle. mev. C. Meyer van Gebied C doen die volgende oproep in verband met O.B.-dag:

Met Vryheidsdag agter die rug kyk ons nou weer vooruit na Ossewabrandwagdag.

Wie is daar wat in hierdie tyd nie besorgd voel oor die toekoms van ons volk nie? Ons weet nie wat vir ons wag nie, maar met die volste vertroue in die leiding van die Hoërhand en in ons Volksbeweging die Ossewabrandwag, gaan ons hoopvol die toekoms tegemoet.

Ons sal handhaaf, ons sal opbou, ons sal hoog die vaandel dra, die vaandel van groen, oranje, blanje, blou!

Laat dit die strewe van elke kommando wees om minstens die merk van verlede jaar te haal.

Daar word nie vir een oomblik getwyfel dat die vroue van Gebied C hul pragtige prestasie van die verlede ook weer hierdie keer sal handhaaf nie.

„Soos ons ouers het getrek, gestry,
om die nasie op te bou,
Om tog vry te lewe en te stry
of te sterwe op die pad,
Sal ons, dogters van Suid-Afrika,
hierdie heil'ge taak hervat.
En ons Voortrekkerbloed
Gee ons krag, gee ons moed.
Vir die vryheid van ons Vaderland
Sal ons lewe sal ons sterwe!

- As 'n Koek vassit in die pan, moet die bodem van die pan net met 'n nat lap saggies gevryf word. Die koek sal dan sonder moeite uit die pan kom.

## Groot Vraagstuk

### Laat Regering Berou Kry

Dr. H. H. Bennett, wat Suid-Afrika onlangs wakkergeskud het deur sy harde waarskuwings teen grondverspoeling, se verslag is so pas deur die regering in die vorm van 'n pamflet gepubliseer. **Hy beveel aan dat daar dadelik 'n personeel van minstens duisend ervare manne aan die werk moet spring om voorligting te gee en strydmetodes aan te pak.** Die noodsaaklikheid van 'n nasionale program is so dringend en lewensbelangrik vir die volk, sê dr. Bennett, dat hy ten gunste daarvan is dat spesiale magte toegeken word aan diegene wat daarmee belas is. Dit is die plig van die staat om met die bestryding van grondverspoeling te help.

**Dr. Bennett verklaar dat daar reeds een-kwart van ons teelaarde na die see gespoel het, en dat tensy daar gou gehandel word, eerlang die helfte van ons bodemvrugbaarheid weggespoel sal wees.**

**Intussen word die mening deur waarnemers uitgespreek dat die regering al diep berou gekry het oor die uitnodiging van dr. Bennett, omdat dit 'n nuwe vraagstuk onder die volk se aandag gebring het wat nie deur die partypolitiek opgelos kan word nie, en dus as slaanding teen die regering gebruik sal word.**

## *Poolse Leiers Verdwyn In Rusland*

**Vyftien Poolse regeringslede en hoë amptenare wat na Rusland uitgenooi was om samesprekings op 27 Maart te hou, het spoorloos verdwyn, volgens bekendmaking van die Poolse inligtingsdiens in Londen. Een van hulle is die adjunk-premier, en saam met hom drie kabinetsministers. Sedert hul vertrek na Rusland is nog niks verneem omtrent die lot of bewegings van enige van hierdie vyftien nie, word verklaar.**

**Dit is natuurlik 'n ernstige saak wat heelwat skok kan veroorsaak in demokratiese kringe. Gevolglik publiseer die Engelse pers „gerusstellende" berigte as sou hierdie mense nog in Moskou besig wees om saam met Stalin 'n verrassing te smee vir Churchill en Roosevelt met die oog op San Francisco.**

**Intussen is deur die Poolse inligtingsdepartement ook nog verder berig dat Witos, voormalige Poolse eerste minister en een van die leiers van die Boereparty, deur vier agente uit sy huis ontvoer is en dat daar ook nog niks weer van hom verneem is nie.**

**Stalin het eenmaal gesê dat die Bolsjewisme onder 'n aanval verstaan 'n slag waarvan jou teenstander nooit weer herstel nie. Hy moet geheel en al gelikwideer word. Hierdie beleid sal wel deeglik in „bevryde" Europa toegepas word. Pole ondervind dit al.**


MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

*KOOP NOU!*

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

**Werda Meubelhandelaars**
(EIENDOMS) BEPERK,

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-8806.


## *Pas Verskyn*


- VERLOWING EN HUWELIK deur Ds. D. F. Erasmus 4/9 pv.
- MENSE WAT DRINK deur A. S. Roux en Prof. dr. W. A. Willemse 8/- pv.
- DIE HOEK SE NUWE HOOF deur I. M. Friedenthal 8/- pv.
- MOORD VOLGENS PLAN deur J. van Elders 4/6 pv.
- DRIE VERMISTE BEENTJIES deur R. Hendriks 1/2 pv.
- KRONKELPAAIE deur *Paula* 1/2 pv.
- MOORD IN DIE PASTORIE deur Agatha Christie 7/- pv.

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL**
Bus 29, STELLENBOSCH



**BOLAND BOTTELSTOOR**
HOOFSTRAAT 73
PAARL
Foon 984

ONS JASSE,
BAADJIE- EN JUMPER-PAKKE IS VAN
BEROEMDE SNYERS

*U SAL DIE SNIT EN STYLE WAARDEER*

Steyns

*DIE DAMESWINKEL*
PAROW

**SPRINGBOK MEUBELS**

*Die HUIS en KANTOOR MEUBELEERDERS*

Ons bied aan Meubels van Kwaliteit teen billike pryse.

BESOEK ONS OF SKRYF OM BESONDERHEDE.

*Victoriaweg 171*
*WOODSTOCK.*

Takbesigheid:
Jan Phillipsgebou, Lady-Greystraat,
PAARL.
Foon 929.

**Excelsior Wyne en Brandewyne**

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silwer bekers en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsie se Wynskou.

PRYSLYS:

| | Per Bottel in Kissies van 12 Bottel | Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal (Soet) | 2/6 | 11/- |
| Wit Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Rooi Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Rooi Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port | 1/7 | 7/6 |
| Pontak | 1/7 | 7/6 |
| Worcester Hock | 1/7 | 7/6 |
| Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie | 1/6 | 7/- |
| **BRANDEWYN:** | | |
| A 1 | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| Creme de Menthe (Peppermint) | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |
| „COCKTAIL" | 4/- | — |
| **MOSKONFYT** | 1/6 | 6/6 (Slegs in Blikke) |

**GELIEWE DAAROP TE LET.** Kliënte kan voorsien word van enige aantal bottels van enige soort wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kissie van 12 bottels is. Moskonfyt egter, word net in 12 bottels en 4 gelling hoeveelhede verskaf.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakteplaats-Stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG MOET BESTELLINGS VERGESEL WAT OP HALTES OF BUSHALTES AFGELAAI MOET WORD, andersins sal bestellings na die naaste stasie gestuur word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel nl. 20/- per vaatjie, 5/- per blik en 5/- per kissie met bottels. Genoemde bedrae sal vergoed word sodra leë inhouers in goeie toestand terug ontvang word, spoorvrag betaald na Vlakteplaats-stasie.

**WANNEER LEË INHOUERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE.**

Bestel van
**EXCELSIOR WYNMAKERY,**
(Eien. John Schoeman)
**VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.**
Posbus 1. Foon 902. Telegr.: EXCELSIOR.

